**PARKSIG**
**Eiendomsagentskap**
Huise — Plase — Plotte
Besighede — Standplase
vir 'n eerlike
transaksie
sien of bel
1486 — Na-ure 2054
(Eienaar: G. Schoonhoven)

die Wapad

*Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie... spreek dan*
**EDDIE DE BEER**
**Diamantslyper**
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse.
U soek die diamant en ons set hom na u smaak.
Bel: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
of
E. J. de Beer, 869-1260, Alberton

JAARGANG XVIII — 28 Maart 1963 — NR. IV
OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# Grootste Vreugdedag in die geskiedenis

**Oor 'n uur of wat vertrek die grootste deel van die Pukke na Lichtenburg om die grootste Vreugdedag in die geskiedenis van die Puk te gaan vier. Groot reklameaksies is dwarsdeur die hele Wes-Transvaal gedoen en daar word verwag dat die grootste saamtrekking van hierdie aard ooit bymekaar sal wees.**

Verlede Maandagaand het die gees reeds hoog gevlam met die spesiale massavergadering. Nadat mnr. At van den Berg die reëlings afgekondig het, het die massa lustig aan die sing geraak. Die reëlings is dan die volgende:

DONDERDAG 28 MAART:

Die studentemassa vertrek per trein na Lichtenburg.

Elke student moet asseblief sy/haar eie beddegoed saamneem. Ons reis per spesiale trein en dit sal dan ook ons woonplek op Lichtenburg wees.



At van den Berg
*Foto: Fotokuns.*

VRYDAG 29 MAART:

4.00 vm.: Georganiseerde „serenades" op verskeie plekke in die dorp.

7.00 tot 8.00 vm. Interete in een van die sale by die tentoonstellingsterrein. Die tentoonstellingsterrein is net langs die stasie geleë — op hierdie terrein sal ook die vlotte gebou word. Alle verdere aksies sentreer rondom die stadsaal.

8.30 vm.: Massaoptog van studente begelei deur 'n kadetorkes. Na hierdie aksie is die hele Lichtenburg in die hande van die P.U.-kaners!

10.30 vm.: Die komiese optog — 'n tradisionele „sak-en-asoptog". Hier benodig ons ongeveer 50 studente wat hulleself in „allerlei" rougewaad sal klee. Die burgemeester van Tarentaal sal dan 'n rourede lewer oor die mense wat so „hard-op" is.

12.00 tot 2.00 nm.: Musiek deur die Alabama-studenteorkes. Alhier sal ons eie Serfies optree as seremoniemeester. Ondertussen sal die volgende interete in die tentoonstellingsaal plaasvind. Verder sal by hierdie tyd reeds verversings, speletjies, ens. aangebied word by reuse verversingsstalletjies en 'n opelugrestaurant.

2.00 tot 3.00 nm.: Massastudentesang deur die strate.

3.30 nm.: 'n Landloop (straatlangs oor 5 myl) tesame met 'n „fietsresies" (ook straatlangs) wat ten einde sal loop in die straat voor die stadsaal. Hier sal die wenners van beide items dan met „lourierkranse" bekroon word deur die burgemeester van Tarentaal. Vir die fietsresies benodig ons 30 persone — fietse en driewiele sal voorsien word. Plaas asseblief u naam op die betrokke lys op die kennisgewingsbord.

4.00 tot 6.00 nm.: Boeresport.

6.00 tot 7.00 nm.: 'n Judovertoning. Ondertussen sal dan die derde interete in die tentoonstellingssaal plaasvind. Vir die ete sal etekaartjies aan elke student voorsien word.

7.30 tot 11.00 nm.: 'n Studentekonsert in die vorm van 'n koshuiskompitisie. Dit sal deur die Rektor geopen word en as seremoniemeester sal optree mnr. Andries Cornelius van die S.A. U.K.

N.S.: Gedurende die hele dag sal die vlotbouery op die skouterrein aan die gang wees — ook deur die nag. Vlothoofde en vlotbouers moet asseblief reeds vooraf sekere dinge alhier klaarbou — hierdie goed sal na Lichtenburg vervoer word. Individuele studente moet ook asseblief reeds voorbereiding tref om komiese voorstellings op straat te lewer. So gaan daar reeds 'n groepie tent opslaan op Donderdagaand en wel in die middel van die hoofstraat!

SATERDAG 30 MAART:

6.30 tot 7.30 vm.: Interete. Uitdeel van kollektebussies.

8.00 vm.: By hierdie tyd moet alle vlotte in die straat voor die stadsaal wees. Die Burgemeester van Lichtenburg sal dan die Rektor aan die publiek voorstel. Die Rektor sal dan 'n woord tot die publiek rig. Ons S.R.-voorsitter, mnr. Kotie de Jager, sal dan namens die studente praat.

8.45 vm.: Kostuumkeuring. Alle eerstejaars moet kollekteer en ook nou reeds aan oorspronklike kostuums begin werk. Dit sal nou ook 'n grootse gesig wees as elke ouheer en oudame hieraan deelneem en die eerstejaars toon hoe dit werklik gedoen moet word! Aantreklike pryse word dan ook uitgeloof.

9.15 vm.: Vlottekeuring.

10.00 vm.: Vlotoptog terwyl die hoofvlot op 'n sentrale punt fungeer. In hierdie optog sal daar o.a. 3 kadetorkeste optree. Verder sal dit begelei word deur 'n Pukdame en -ouheer met die Pukvlag op twee skouperde. Vir komiese insidente sal allerlei voorsien word soos donkies, donkiekarretjies, perde, ens.

Gedurende die middag sal die studente terugkeer na Potchefstroom. Alle hulp met die aftakeling van die vlotte vooraf sal waardeer word.

# Pukkie-naweek vol opwinding

Die kruiwaresies wat verlede Saterdag in die hoofstraat plaasgevind het, was die hoogtepunt in die reklameveldtog vir die Pukkieverkope wat verlede Saterdag plaasgevind het. Hierdie aksie is met groot sukses van stapel gestuur en het die gees vir die verkope en die Vreugdedag van eerskomende naweek aan die gang gesit.

Vir sover bekend was dit die eerste keer in die geskiedenis van Potchefstroom dat 'n kruiwaresies van hierdie aard in die hoofstraat plaasgevind het en Potchefstroom is vanjaar honderd vyf en twintig jaar oud. In hierdie verband moet gewys word op die samewerking van sowel die Stadsraad as die verkeersdepartement wat gehelp het met die reël van die verkeer.

Die uiteindelike wenners van die kompetisie wat op koshuisbasis gereël was, was Over de Voor en Klawerhof.

Saterdag het die massa van die Puk in groot getalle na groot dele van die Transvaal en die Vrystaat opgeruk om die Pukkie te gaan verkoop. By ons ter perse gaan was dit ongelukkig nog nie bekend hoeveel Pukkies Saterdag verkoop is nie.

# Massavergadering verloop stil

**Verlede Dinsdagaand het die eerste massavergadering van die jaar plaasgevind. Die vergadering is besonder goed bygewoon deur die massa en het ook besonder goed afgeloop. Onder die besoekers was die rektor, prof. Coetzee, mnr. Hennie van der Walt en mnr. Hannes Straus.**

'n Skenking van R1,000 is deur die firma Rembrandt aan die Studenteraad gemaak vir die aanbou van die ontspanningssaal. Hierdie skenking is deur mnr. Straus, die plaaslike verteenwoordiger van Rembrandt gemaak. In 'n kort toespraak het hy die samewerking tussen die studente en sy maatskappy geloof.

Daarna is 'n eretoekenning deur die voorsitter van die Studenteraad, mnr. Kotie de Jager, gemaak aan 'n voormalige voorsitter, mnr. H. J. D. van der Walt. In 'n kort skets van wat hy tydens sy studentelewe aan die Puk gedoen het, het mnr. De Jager aangetoon hoe 'n groot rol mnr. Van der Walt gespeel het. Onder andere was hy ook vir twee jaar voorsitter van die Studenteraad.

In 'n woord van bedanking het mnr. Van der Walt gesê dat daar dinge in die studentelewe is wat 'n blywende indruk op 'n mens maak. Elke mens moet hom steeds reg skaaf en dit is die taak van die student om hom voor te berei om in die toekomstige lewe goed met mense oor die weg te kom.

Daarna het mnr. Idyll van der Walt 'n besprekingspunt ingedien oor die tendens van vervlakking onder die hedendaagse student.



Mej. Babara Geertsema oorhandig die toekenning aan mnr. Van der Walt *Foto: Fotokuns.*

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

***Welkom terug!***
- Koop ons inlywings Foto's
- Sien ons Portrette

WIE IS ONS?
**FOTOKUNS**
Tel. 3185
Tomstraat 82, POTCHEFSTROOM.

**Wes-Transvaalse**

**SPORT-WINKEL**

Kerkstraat 85

enigste verskaffer van

Offisiële Kleure

**KOLLEGE KAFEE**

Gerieflik naby die UNIVERSITEIT.

● Ons verskaf ETES

● Alles wat u Hart begeer

Tomstraat 86. Tel. 958

POTCHEFSTROOM

- INNOXA-, VITAMOL-, COTY-Skoonheidspreperate.
- Egte Franse DANA PARFUUM, en
- Aptekersbenodigdhede

Ondersteun Oud-Pukke

**Onthou 3091**

Potchefstroom

Skakel hierdie nommer vir diens!

**DIE BULT APTEEK**

**Tomstraat 86**

Ons spesialiseer in:

**SUPERETTE**

**Tomstraat 100**

**Potchefstroom**

Gerieflike en moderne selfbediening waar u 'n groot verskeidenheid kan kry van

KRUIDENIERSWARE, KOMBUISBENODIGDHEDE en GROENTE teen laer pryse.

die Wapad

# DIE AFRIKANER EN DIE ENGELSE STUDENT

Die verhouding wat daar vandag tussen die Afrikaner studente en die Engelse studente bestaan het die afgelope tyd weer sterk onder die soeklig gekom. Eers was dit die moeilikhede wat daar was op Wits met die anti-kommuniste veldtog. Verder was daar ook die verklaring van die A.S.B. ten opsigte van N.U.S.A.S. Die geleidelike breuk wat daar tussen die verskillende groepe onder die Engelse voorkom, het ook duideliker die oog gevang.

Daar bestaan vandag onder die Engelse studente twee partye wat hemelsbreed van mekaar verskil ten opsigte van denke. Die betogings op Wits het dit duidelik bewys. Die een groep is die wat ons as liberaal kan bestempel en wat vandag in die meeste gevalle die leiding op die verskillende Engelse universiteite neem. Die plakkate beskuldig sommige van hierdie leiers as kommunisties gesind. Of hulle dit is of nie is moeilik om met sekerheid vas te stel maar wat wel seker is, is dat hulle jeens ons as Afrikaners geen groot liefde koester nie sowel ook nie teen hulle eie taalgenote wat die minste geneentheid jeens die Afrikaner betoon. Dit is hierdie mense wat die Afrikaner uitskel as „small-minded". Hierdie skeldtaal is uitgespreek teenoor die Tukkies wat 'n telegram aan die universiteit van Missisipi gestuur het teen die rasseonluste wat daar verlede jaar voorgekom het. Met hierdie groep het die Afrikaner in die tyd wat verby is te veel mee te doen gehad om langer enigiets van hulle te wil hoor.

Maar daar bestaan egter nie net liberales onder die Engelse nie. Daar is die groep wat wel deeglik met die Afrikaner simpatie het. Ongelukkig is die meeste van die leiers nie uit hierdie mense nie en hoor 'n mens gevolglik nie veel van hulle nie. Die oproer op Wits het egter duidelik getoon dat daar wel sulke studente is en dat hulle ook stadig begin moeg raak vir hierdie oorheersers wat maar net 'n deel van hulle verteenwoordig. 'n Bewys hiervan is verder dat daar tans vandag in een van die gemeentes van die Gereformeerde Kerk in Johannesburg elke Sondag twee dienste in Engels gehou word en die gehoor is geensins klein nie.

Saam met hierdie konserwatiewe Engelse moet ons vandag staan. Ons moet hulle help in die taak wat op hulle skouers rus. Laat ons hulle die hand van vriendskap reik en hulle so ook steun verleen aan die mense wat Suid-Afrika as hulle eie beskou en bereid is om saam met ons te veg vir die behoud daarvan en as dit nodig is, om saam met ons te sterf. Sommige van ons sal ondergaan maar as volk nooit.

# HEWIGE POLEMIEK TUSSEN UKOVS EN NUSAS

**'n Hewige polemiek het tussen die voorsitter van die Vrystaatse Studenteraad, en sekretaris op die hoofbestuur van die A.S.B., mnr. Koos de Wet uitgebreek. Die polemiek het ontstaan nadat 'n uitnodiging aan die Studenteraad van die U.O.V.S. gerig is om die vergadering van die uitvoerende bestuur van die NUSAS by te woon.**

In sy antwoord op die uitnodiging het die mnr. De Wet o.a. die volgende gesê dat dit blyk dat daar by NUSAS 'n beleid van tradictio in terminus aanwesig is. NUSAS se amptelike beleid verwerp enige skakeling met die A.S.B. Nogtans het NUSAS die Studenteraad uitgenooi na hulle vergadering toe. Dit is dus duidelik dat daar 'n teenstrydigheid is tussen die beleid van NUSAS en die optrede wat behoort te spruit uit die beleid uit.

NUSAS het dadelik hierop geantwoord. Hulle is van oordeel dat mnr. De Wet hulle van oneerlikheid beskuldig het.

Daarna het die Studenteraad van die UOVS alle verbintenisse met NUSAS-affiliante gestaak en die volgende beleidsverklaring in hierdie verband aangeneem:

„Dat die Studenteraad op nasionale vlak die grondslag, doel en strewe van die A.S.B. herbevestig en ooreenkomstig die besluit van die A.S.B. geen kontak in die toekoms met NUSAS sal maak of probeer maak nie, maar slegs van hulle kennis sal neem en NUSAS te versoek om nie in die toekoms skakeling met die U.O.V.S.S.R. en massa te soek nie.

## In U Lig

**U IS BARABBAS!**

**Matth. 27; 21(b): Wie van die twee wil julle hê moet ek vir julle loslaat? En hulle antwoord: Barabbas!**

Barabbas was 'n sondaar, 'n rower en moordenaar!

Is ons enigsins beter as hy? Het ons nie teen al die gebooie van God gesondig nie? Noem een sonde waaraan ons nie skuldig staan nie? Nee, dit pas ons nie om uit die hoogte op Barabbas neer te sien nie, of met klippe na Hom te gooi nie, want ons staan langs Barabbas! *U en ek is Barabbas!*

Barabbas was 'n gevangene oor wie die doodvonnis reeds uitgespreek was. Nog 'n paar uur miskien dan sou hy die dood moes ingaan. Daar was vir Barabbas maar net *één redmiddel* en dit was *Jesus*. Alleen deur die dood van Christus kan Barabbas gered word. *Hy* sou die vonnis, die kruis en die dood van Barabbas op Hom moes neem om Barabbas vry te laat uitgaan. Die leer, die voorbeeld, die liefde van Jesus was nie genoeg vir Barabbas nie, maar *alleen* die plaasbekledende lyde en sterwe van Jesus Christus! Met minder kan *ook ons* nie!

Daar is geen versoening sonder bloed, geen lewe sonder die dood van Christus. *Alleen die bloed van Jesus Christus*, Gods enigste Seun, reinig ons van al ons sonde.

Barabbas word *vry sonder die minste verdienste* van sy kant. Hy hoef nie te worstel of hom vry te koop nie, maar hy moet slegs die boodskap van sy bevryding in die geloof aanvaar en dan uit die gevangenis uitgaan. So word ook die sondaar vry sonder die minste arbeid of verdienste van sy kant. Ook hy het nie nodig om iets te betaal nie. In die geloof moet slegs die boodskap van bevryding aangeneem word om dan uit die gevangenis — hierdie sondige wêreld — uit te gaan. *Niks meer nie, niks minder nie, ook niks anders nie!*

Deur die dood van Jesus word Barabbas *volkome vry!*

Nadat hy uit die gevangenis gegaan het kan niemand meer die hand op hom lê om hom van iets te beskuldig of vergoeding te vra nie, ook nie die familielede van die man wat deur Barabbas vermoor is nie! *Hy was volkome vry!*

So kan niemand meer beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God nie: God is dit wat regverdig maak.

*Barabbas, of u en ek, is volkome vry, want Christus tree in ons plek!*

J. L. Ras.

# Helfte van studente hoort nie by universiteit nie

„Ongeveer die helfte van alle studente wat by die verskillende universiteite in Suid-Afrika ingeskryf is hoort nie by 'n universiteit nie", het dr. A. J. van Zijl, hoof van die Pretoriase Tegniese kollege tydens die opening van die kollege gesê.

Statistieke het getoon dat slegs helfte van die studente wat inskryf by 'n universiteit grade ontvang.

Voorsiening behoort gemaak te word vir die oordrag van buitengewone studente aan tegniese kolleges na universiteite en van studente na die tegniese kolleges wat nie die welslae behaal op universiteit wat daar van hulle verwag word nie.

# SELFWERKSAAMHEID BY N.K.P.

Die idee van selfwerksaamheid het nou by die studente van die Normaal van Pretoria ingang gevind toe 'n voorstel in die verband deur die massa van die inrigting in beginsel aanvaar is.

Voordat die skema egter in die praktyk uitgevoer sal word is daar heelwat praktiese probleme wat eers uitgestryk moet word.

Die teoretiese bewustheid moet nou eers uitgroei tot praktiese werklikheid. 'n Komitee is aangestel om die saak in die praktyk te ondersoek en sal op die volgende massavergadering aan die massa daaroor verslag doen.

REDAKSIE

| | |
|---|---|
| Hoofredakteur | Marius Aucamp. Tel. 222. |
| Subredakteurs | Jan Bradley. Tel. X061. |
| | Ghibeau Gerber. Tel. X041. |
| Nuusredakteur | Frank Laubscher. Tel. X068. |
| Interuniversitêr | Frans van der Walt. |
| Kunsredaktrise | Marié Pienaar. |
| Sportredakteur | Attie Badenhorst. |
| Varia | Jan Bradley en Susan Uys. |
| Penningmeester | Piet de Klerk. |
| Sirkulasiebestuurder | Hennie Olwage |
| Advertensies | Fanus Heystek. |
| Sekretaresse | Linda Strydom. |
| Fotograaf | Gert de Ru. |

# WARM UIT DIE OOND

**Wapaiers, ou Jaffie sit met 'n hoofpyn op sy maag. Hoor wat skryf hierdie ontstoke ouheer. Ek moes maar sy briefie plaas.**

**„Ja, dag ouhere en oudames. Nee, ek wil nie kla oor die droogte nie want dit het mos mooi gereent. Die babas kan nou weer doeke dra en stofveërs is nie meer nodig nie. Julle kan seker sien die ouheer is sommer die duiwel in vandag. My gemoed, soos al die ouhere s'n word geteister deur rukwinde van verandering. Ek sê Laeveld toe met die spul Dore hier op ons plaas en nog 'n keer Laeveld toe met die spul Drake. Hulle is hanser as 'n oujongnooi op 'n wewenaarskonferensie.**

„Dit is veral die spul Dore wat die ouhere so rond „shunt". 'n Mens kan mos nie 'n Door op die plek groet nie, of sy dink jy „vêmp" haar. Nee, ons moet nors en stuurs soos 'n ou uitgestote buffelbul hier op die campus loop en blaas en dan sommer meer buffel wees as bul. 'n Man se vrede en liefde verdwyn sommer soos dansmusiek op 'n kerkbasaar. Veral as die jonge Doortjie so ewe liefies oor die telefoon sê: „Haai, weet jy, jy is seker al die tweehonderdste een wat my skiet vir 'n sleep vanaand". Wat moet ek nou maak jong?"

As hulle so iets met my probeer sal ek weet waarheen om hulle te stuur, sonder retoerkaartjie... en dan, terug huis toe. Ewenwel, dan is die klomp kamtige skiete al die tyd van 'n armsalige, uitgemergelde Draak, wat so maer is dat hy 'n gelling merkink moet suip voordat hy 'n week daarna 'n skaduwee kan gooi. Moenie glo hy het haar geskiet nie. O nee, hy het haar net gebel om te sê dat hy haar kosmetieks op die hokkieveld opgetel het.

Want deesdae is die lippies mos so rooi en die ogies so swart van die gemorskade, of wat ook al, dat 'n mens sou dink hulle is 'n spul kannibale wat 'n pikswart Makatees vir Dinsdagmiddag se poeding gehad het.

Ek sê vir julle, Dore, julle is skele, hoogmoedige egoiste as julle die ouhere as „vampers" sien. Julle is so skeel dat as julle in die middel van die week staan, sien julle al twee Sondae. Ek sê wees, na die Laeveld toe!"

Ou Jaffie sê ook maar, ondersoek alle dinge en behou die goeie. Keer terug na die oudames, ouhere. Hulle laat 'n man soos 'n man voel want 'n man voel soos 'n man wanneer 'n vroumens weet hoe hy bedoel om te voel.

Doortjies, julle het stof tot nadenke. En hier kom die slepe. 'n Gemors by Kulu se voordeur. Drie helde soek na Herma Roux en uit die chaos van die gemors tree Dewald Steyn as oorwinnaar en koffer vir Herma Roux. Geluk met die kys.

*Johanna du Toit* en *Andre du Plessis* het na 'n eksperimentele aand tot die resultaat van 'n kys gekom. Geluk en laat die reaksie tot in lengte van dae duur.

*Paul Grundling* en *Nicolene Venter* het toç maar gekys na al die aande se rondslenter, geluk outjies.

A ha, daar's 'n ding: *Danie Niemand* het gees gevang met *Bettie van Dyk*. Sy leer nou kleertjies maak en koskook. Geluk met die mooi ding.

Na 'n geweldige Poot-kabaal, het *Bertie Raman* vir *Anna-Marie Westvaal* in Poteland geannekseer. Geluk aan die Pukkerige Pote.

*Johan Rautenbach* het sy bril afgehaal en deeglik gekyk, toe kys hy met *Jona Hoogendyk*. Geluk, dit was 'n mooi blik.

*Bernard Buys* en *Katie du Plessis* geniet die lewe deesdae. Sy het mos gedink dit is skrikkeljaar toe sê ou Bernard maar ja. Mooi so!

*Jan van der Walt* en *Hettie Jamneck* was 4 Maart 'n jaar verloof, ag, ek bedoel gekys. Geluk julle twee, ons wag in spanning!

'n Man wat verder gegaan het as die alledaagse was *Andre Greeff* wat verloof is aan *mej. Riekie du Plessis* van Hennenman.

Ekke dink dis genoeg vireers. O ja, dit spyt my sopnat oor die drukkersduiwel se moedswilligheid. Louise Tiedt en Tikkie de Groot sowel as aan Ghibeau Gerber, hy is nie gekys nie en nog steeds op die mark.

Hoe waar tog! Die witste vark rol in die swartste modder.

Lekker vêmp doortjies,
Jaffie Wakis.

## BEURSE BESKIKBAAR

'n Aantal studiebeurse is deur die departement van opvoeding van die A.S.B. aan studente beskikbaar gestel.

Die volgende instansies bied beurse aan: Suid-Afrikaanse-Belgiese Kultuurverdrag, die Suid-Afrikaanse-Duitse beursuitruilskema, die Alexander von Humboldtstigting se navorsingsbeurse vir studie in die Federale Republiek van Duitsland en Wes-Berlyn, die Suid-Afrikaans-Franse beurs-uitruilskema, die Suid-Afrikaans-Nederlandse Kultuurverdrag, 'n studiebeurs uit die Trustfonds van die Suid-Afrikaanse Unie aan die universiteit van Edinburgh, studiebeurs aangebied deur die British Counsil vir studie in die Statebond.

Vir verdere inligting kan u mej. Kristie Jordaan in Kulu raadpleeg.

# ANTIKOMMUNISTE OP WITS MAAK AMOK

**Verlede Maandagoggend toe die Witsies hulle oë oopmaak was hulle hele campus oordek met anti-kommunistiese plakkate. Hierdie plakkate, met die hamer en sekel-simbool, met bloed wat van die sekel drup, het teen die mure van al die vernaamste geboue gepronk.**

Die plakkate het veral tot die eerstejaars gespreek. „Freshers beware of communism". Die opskrifte waarsku die eerstejaars dat hulle vanjaar heelwat met die kommuniste te doen gaan kry. Hulle word gemaan om steeds aan hulle toekoms en die toekoms van hulle kinders te kyk.

Selfs die liberale groep op die Campus word bespreek en ook teen hulle word gewaarsku. Daar staan dat selfs die liberale groep wat voorgee dat hulle een staat met gelyke regte wil hê, met 'n bluf besig is. Een van die plakkate lui as volg: „Record of present day liberalism shows little sense of love for a fellow human being but suggest unreasonable h a t r e d directed against every response of human being to live".

Die plakkate wys verder daarop dat talle lede van die N.U.S.A.S. en „The Society of human rights" affiliasies met die kommuniste het.

Die objekte van hierdie plakkate het dadelik na die beskuldigde begin soek en die eerste en die aanneemlikste was die Afrikanerklub wat daar aan Wits bestaan onder leiding van mnr. Roux Wildenboer. Dit bewys weer die haat wat daar onder die kringe van sommige Witsstudente teen die Afrikaner bestaan.

Mnr. Wildenboer het as volg hieroor kommentaar gelewer: Hy verklaar dat hy daarvoor kan instaan dat dit nie die werk van die lede van die Afrikaanse klub is nie. Die Studenteraad kan nie of wil nie die regte skuldiges aanwys nie en het daarom die skuld op die Afrikaner gepak. Hy verklaar verder dat dit 'n klinkklare bewys is dat daar vir die eerste keer 'n groep studente aan Wits bestaan, 'n groep goedgeorganiseerde Engelse studente, wat besef watter groot gevaar die kommunis en die liberalis vir die volk van Suid-Afrika inhou. Onder die dekmantel dat die Afrikanerklub vir hierdie plakkate verantwoordelik is, gaan hierdie element met die grootste gemak te werk.

„Hiermee is weer eens bewys gelewer dat die Engelstalige student al hoe meer bewus word van die belangrikheid om die liberale en kommunistiese elemente te beveg. Die Afrikaanse student staan dus nie meer alleen in die stryd nie. Ons mag net hoop dat die optrede van die groepie Engelse, hoe klein ookal, die begin sal wees van 'n magtige omwenteling op ons campus en later ook op die breëre vlak van ons samelewing.

# THALIA-TOERGROEP GEKIES



*Foto: Fotokuns.*
Gregoire Aucamp

Thalia gaan vanjaar op reis met 'n stuk wat reeds in die dertigerjare deur sulke bekende persone soos mev. prof. W. Coetzee en dr. E. A. Venter opgevoer is naamlik: „Die Drie Van der Walts" deur E. A. Schlengemann.

Die eerste oefening vind reeds op 25 Maart plaas en die regie sal dan ook waargeneem word deur dr. E. A. Venter.

Na die rollesing wat op 14 Maart gehou is, is die volgende spelers gekies om rolle te vertolk: Gregoire Aucamp, Arrie de Beer, Rika de Lange, Johan Beukes, Hennie Viljoen, Adri Griffioen, Marianne Smit, Reinie Monster, Schalk Conradie, Petri Coetzee, Johan Scholtz en Pieter Kempff.

Die toergroep is ook reeds aangewys en sal bestaan uit 26 lede plus 'n reismoeder.

# *Mikro op politieke terrein*

**Mikro, die skrywer, was verlede Saterdagaand teenwoordig met die premiére van „Twee Goue Beddens" in die Totiusgedenksaal. Die stuk is aangebied deur die Afrikaanse Studentebond en opgevoer deur die buitemuurse studente van die Universiteit van Pretoria.**

In „Twee Goue Beddens" waag Mikro hom op politieke terrein, en hy leer ons om vir onsself te lag, want die Afrikaner neem sy politiek tog so ernstig op!

Vele lagwekkende situasies volg as die doodgewone S. S. J. Vergesig uit die sleur van sy werk as winkelier — hy is terloops 'n handelaar in damesklere — sonder sy toedoen Minister van Staatsbetrekkinge en Protokol word.

Oor die algemeen het die spelers hulle goed van hulle taak gekwyt. Uitstekende spel is gelewer deur Sarie de Lange as die oorheersende vrou van S.S.J. Braam Celliers was baie oortuigend in sy rol as Alwyn Stofer, die verdiepte vryer, terwyl Marga van Rooy beslis die aandag as toneelspeelster getrek het.

S.S.J. het as toneelspel nie baie indruk gemaak nie. Hy het trouens meermale die indruk geskep dat hy sy versie opsê.

## Weerberig

Oor Heimat en Uitspan: reën op Maandag van vier tot ses; draaierige winde oor die res van Kulu en afkoeling oor Klawerhof. Oosterhof soos gewoonlik.

Anderkant Wasgoedspruit: goeie weer vir onderwysers en pampoenboere met 'n effense druk bo handelaars in tweedehandse valstande. Langs Over de Voor stormsterkte om Dwarsstraat. Veldblomme in die res van die Vrystaat. Suidwes: anders as gewoonlik. In die Kalahari sal dit waarskynlik droog wees. Oor die Transvaal, die Limpopo en Dawie Doep: kerende winde en sonskyn af en toe; woelinge op die Pukplaas. Die Oranje Vrystaat: niks nie. Kaapstad en Gatland: nuwe besems en melktert; rook in Hermanus. Suidwes: sommerso met V.V.O.-bier. In die Kalahari sal dit droog wees; die Namib: 'n sandwolk of twee.

Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389
POTCHEFSTROOM
★
Mooi wintermateriaal
★
Nomotta-wol in voorraad

# Afrikanerstudent moet waak

**Die Afrikanerstudent moet waak teen pragmatiese uitkyk op die lewe asook teen 'n gees van louheid en fatalisme het mnr. D. A. S. Herbst, president van die A.S.B. gesê op 'n vergadering wat gehou is op 13 Maart in die Totiusgedenksaal.**

By hierdie geleentheid het hy die verhouding tussen die A.S.B. en N.U.S.A.S. gestel.

Daar is verklaar deur die spreker dat N.U.S.A.S. vanaf sy ontstaan die draer is van moderne liberalisme. N.U.S.A.S. het geen respek vir die Afrikanerkultuur nie, en die beginsel van Christelik Nasionaal waarop die A.S.B. gegrondves is, word deur hulle as uitgedien beskou. Om hierdie rede kan daar geen samewerking tussen die A.S.B. en N.U.S.A.S. wees nie en kan geen reggeaarde Afrikaner hom tuis voel in N.U.S.A.S. nie.

Mnr. Herbst het daarop gewys dat N.U.S.A.S. vandag een van die giftigste swartsmeerorganisasies teen S.A. buite ons landsgrense is. Hy het die dislojaliteit van N.U.S.A.S. teenoor Suid-Afrika betreur.

Volgens hom is N.U.S.A.S. in die hande van 'n linksgesinde kliek. Daar is egter verblydende tekens dat die Engelse student teen N.U.S.A.S. in opstand kom en dat hulle begin voel vir die bewaring en die uitbouing van dit wat hulle eie is. Hulle begin besef dat hulle net een toekoms en net een land het.

Die taak van die Afrikanerstudent moet wees om aan hierdie groep Engelse studente 'n voorbeeld te stel en om ons Christelik - Nasionale beginsels uit te leef. Die Engelse studente asook die studente van die nieblanke universiteitskolleges moet aangemoedig word om hulle eie organisasies te stig wat bevorderlik sal wees vir 'n tipe van konfederasie tussen die Suid-Afrikaanse studente wat lojaal aan hulle land en kultuur is.

Ten slotte het hy 'n beroep op die Afrikanerstudent gedoen om roepingsbewus te wees. Die Afrikanerstudent mag nooit toelaat dat sy lewens- en wêreldbeskouing in 'n museum beland nie.

Al staan ons geïsoleerd is ons dade geregverdig indien ons dit kan verantwoord voor God, het mnr. Herbst gesê.

# Eerstejaarskonsert vol hoogtepunte

**Die Eerstejaarskonsert, wat op Maandagaand 11 Maart in die Totiussaal gehou is, het, as eerste poging om 'n volwaardige konsert as nie-ontgroeningsaksie te hou, uiters geslaag verloop.**

Voorheen was die konsert by die S.R. se inlywingsprogram ingeskakel maar hierdie jaar het dit onder die patronaat van die A.B.K.K. gestaan. Laasgenoemde het hom ten doel gestel om alle nuwe talent wat by Alabama, Thalia, of die Volkspelelaer gebruik kan word, die geleentheid te gee om te wys waartoe hulle in staat is.

In 'n eenbedryf „Met die Eerste Oogopslag" wat onder leiding van mej. Kristei Jordaan gestaan het, is daar dan ook aan die doel van die aand voldoen. Veral Rosil van der Walt, as Bettie, met haar uiters natuurlike spel en Johan Beukes in die rol van die konstabel het die oog gevang. Die ander spelers Herma Roux, Nico du Preez en Johan Prinsloo het hulle almal baie goed van hulle taak gekwyt. Daar kan verwag word dat daar in toekomstige aanbiedings van Thalia nog veel van hulle gesien sal word.

In die musiekitems het veral Johan van Rensburg, besonder goed vertoon. Nie alleen is hy 'n pianis van ligte musiek by uitstek nie, maar het hy as trompetspeler goed vertoon.

Hennie Badenhorst en Emmerentia Riekert was vir goeie sanguitvoerings verantwoordelik. So ook het Tikkie de Groot 'n uiters sonoriese voordrag gelewer.

'n Volkspelegroep van nege pare onder leiding van Hendrik Schalekamp, het bewys gelewer dat die Puk se laer 'n kwota geesdriftige neefs en niggies gekry het.

# ROOI INVLOED GROOT IN S.A.

**Hoewel nie van groot omvang nie, is die Kommunistiese beïnvloeding in S.A. groot genoeg om gevaarlik te wees, het prof. J. H. Coetzee, hoof van die departement Volkekunde aan die Potchefstroomse Universiteit, in 'n toespraak voor lede van die studentevereniging van die Maatskaplike sorg verklaar.**



Prof. Hennie Coetzee

Daar is nie veel aanhangers van die Kommunisme volgens die ideologie van Karl Marx nie, maar daar hoef nie baie te wees om gevaarlik te wees nie. Al is daar nie baie Kommuniste nie, bewerk hulle groot onheil deur die organisasies soos die A.N.C. Daar is ook ander organisasies waarin hulle sleutelposisies beklee.

Die Kommuniste is baie lief om studente na Rusland en ander satalietlande te nooi. Die jong mense wat op hierdie leeftyd baie idealisties is, besef dan dikwels nog nie waarom dit alles gaan nie.

Daar is weinig geleentheid vir regstreekse Kommunistiese beïnvloeding van die Suid-Afrikaanse jeug. Moeilikheid kom egter wanneer jong mense by klubs of verenigings aansluit, wat 'n heel onskuldige naam het. Baie van die jong mense word willose klei in die hande van die Kremlin.

Kenmerkend van die Kommunistiese optrede in die moderne tyd is dat mooi name verkies word. Daar word nie meer van Rewolusie en Rassestryd gepraat nie, maar van Nasionale selfbeskikking en van vrede. Maar vir die Kommunis beteken vrede net een ding en dit is die algehele oorheersing van die wêreld deur die Kommunis.

Onderwyl die Kommunistiese lande van wêreldvrede praat, gaan hul ongestoord met kernnavorsing en grootskeepse bewapening voort. So doen die Kommunis hom voor as die engel van die lig.

„Ons het hier te doen met die misterie van die leuen en die misterie van verblinding. Dit wat die Kommunis in mooi taal aanbied is niks anders as bedrog nie", het prof. Coetzee gesê.


STUDIE of PLESIER?

*ONS SAL U TOER VIR U REëL — IN DIE BUITELAND OF BINNELANDS.*

ONS DIENSTE IS GRATIS

LUG — SEE — PAD

*RAADPLEEG ONS EERS!*

*DIT KOS NIKS EKSTRA NIE*

POTCHEFSTROOMSE REISBURO

Kerkstraat 150 Tel. 1425

POTCHEFSTROOM



TREINBESPREKINGS — — HOTELBESPREKINGS

*U is altyd welkom by ons kantoor — Gratis pamflette beskikbaar.*

# „GEREFORMEERDE STUDENTEKORPS"

**Op sy onlangs gehoue vergadering het die bestuur van Korps besluit om nie die naam „Gereformeerde Studentekorps" te verander na „Calvinistiese Studentekorps" nie.**

Minder belangrike oorwegings was o.a. dat 'n nuwe vaandel gemaak sou moes word indien die naam verander word; dat in die Studentehandboek die term „Gereformeerde" telkens deur „Calvinistiese" vervang sou moes word, ens.



Dr. Van der Walt

Oorwegings van groter belang was dat die naam, wat reeds sedert 1894 bestaan, tradisioneel geword het en dat dit geensins verwarrend *hoef* te wees nie.

Die term „gereformeerd" (dus ook Nederduitsch Geref.) en „hervormd" beteken presies dieselfde. Die studente moet slegs maar besef dat Korps in géén opsig aan slegs een van die drie Afrikaanse kerke verbind word nie. Dis 'n vereniging vir *alle* studente wat die *Calvinisme* bely.

Intussen staan Korps se werksaamhede nie stil nie. Op Woensdag die 3e April vanjaar sal dr. Tjaart van der Walt D.V. voor Korps optree en die lede toespreek oor: „Die godsdienstige toestand onder die jeug in Nederland, in vergelyking met die toestand in S.A." Die spreker is by ons geen onbekende nie. In 1956 en 1957 was hy ons S.R.-voorsitter, en die plan is dan ook om tydens genoemde vergadering aan hom 'n ere-toekenning te oorhandig, soortgelyk aan dié wat Dinsdagaand tydens die massavergadering aan mnr. Hennie van der Walt oorhandig is.

Nadat hy aan die Puk sy graad in die teologie behaal het, het hy sy studies in Nederland gaan voortsit waar hy verlede jaar sy doktorsgraad verwerf het met 'n proefskrif oor: „Die Nabyheid van die Koninkryk".

Aangesien dr. Van der Walt 'n boeiende spreker is, word 'n aangename programvergadering in die vooruitsig gestel en die bestuur verwag 'n stampvol saal. Laat ons hulle nie teleurstel nie!






# Interfakultêre lesings

*Aan elke universiteit is daar sekere gebruike wat die stempel van die bepaalde universiteit afdruk en die akademiese tradisie vorm en uitbou. Met trots verwys studente gewoonlik na sulke aangeleenthede, want hulle vorm die kosbare hoogtepunte van die ervarings as student.*

*Die P.U. vir C.H.O. bied verskeie van hierdie seldsame ervarings op akademiese terrein, maar die mees unieke daarvan is seker die jaarlikse reeks interfakultêre lesings. Hier word die geleentheid geskep aan studente en dosente vir 'n ontmoeting uit verskillende fakulteite rondom 'n sentrale tema.*

*Vanjaar se interfakultêre lesings, wat D.V. op 2 April gehou sal word, beloof besonderlik interessanot te wees. Nie alleenlik wek die sentrale tema die belangstelling van elke student nie, maar vir die eerste keer sal sprekers van buite die universiteit optree. Twee baie bekende en beminde persone uit die sakewêreld, nl. prof. dr. G. D. Scholtz, redakteur van „Die Transvaler", en dr. Anton Rupert, hoof van die Rembrandt-groep van maatskappye, sal luister aan die oggendprogram gee.*

*Die voorsitter van die Studenteraad sal ook die geleentheid gedurende die oggend kry om dr. Rupert op gepaste wyse te bedank vir die mooi geskenk vir die nuwe studentesaal.*

Alle studente word dus langs hierdie weg opgeroep om die interfakultêre lesings op 2 April *en masse* by te woon en van die uitsonderlike geleentheid 'n groot sukses te maak.

*Die program is soos volg:*

*Sentrale Tema:* SUID-AFRIKA SE ERFENIS EN ONTWIKKELING.

*Referate:*

*9.00 — 9.45 vm.* *Prof. dr. S. P. van der Walt: Die belydenis-erfenis van die Afrikaanse kerke.*

*9.50 — 10.30 vm.* *Prof. P. B. Ackerman: Die rykdom van die Suid-Afrikaanse bodem.*

*10.30 — 11.00 vm.* *Pouse.*

*11.00 — 11.50 vm.* *Dr. A. E. Rupert: Erfenis en ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse industrie.*

*12.00 — 12.45 vm.* *Prof. G. D. Scholtz: Die staatkundige erfenis en ontwikkeling van die Republiek van Suid-Afrika.*

# VOLKSPELERS WOON GROOT SAAMTREK BY

**Die volkspelers van die Puk het verlede Saterdagaand 'n baie groot en genotvolle aand in Johannesburg met verskeie ander laers bygewoon. 'n Groot saamtrek van volkspelers is in die O'Connorsaal gereël en laers so ver as Mafeking was teenwoordig.**

Die aand is baie aangenaam deurgebring deur die bykans tweehonderd spelers wat teenwoordig was. Verder is die aand opgehelder deur die leer van verskeie nuwe speletjies (vir die meeste van die Pukke altans). Verder was daar genoeg te ete en te drinke vir almal.

In die nabye toekoms word in die omtrek feitlik elke naweek 'n saamtrek gehou maar die laer van die Puk sal die meeste van hulle nie kan bywoon nie weens 'n tekort aan finansies.

Daar word egter uitgesien na die saamtrek van die Puklaer wat op die elfde Mei gehou word.

# Dr. OERTEL GEE RAAD

Mej. Tjoek-tjoek van Thaba Jäh skryf:

Dokter, hoewel ek maar skaam is, voel ek my diep genoodsaak om my moeilikhede openlik aan u voor te lê. Ek is vandag agttien jaar oud en daar's met my niks verkeerd nie. Maar my lyding is innerlik. As ek saans moet slaap, is ek bewerig. Kan dit my spiersisteem wees? As ek met my sleep praat, voel ek vaak. Kan dit my slaapsisteem wees? Maar snags kan ek nie slaap nie. Kan dit my waaksisteem wees? Verder is daar koue rillings as ek warm word, maar sonder koors. Kan dit my bloedsisteem wees? Ek is altyd honger behalwe as die kos op die tafel is. Kan dit my spysverteringsisteem wees? Ek voel altyd baie opgewek maar die angs dat daar iets verkeerd kan wees, is verskriklik. Kan dit my senuweesisteem wees? Daarom vra ek: doktor, help my asseblief!

Antwoord:

*Dit spyt my papnat maar ek het nie raad nie. By die Spoorweë het hulle 'n „system-manager" — dalk sal hy u kan help.*

---

Mnr. D. C. V. van O. d. V. skryf:

Ek weeg nou 238 pond omdat ek vermaer het, maar ek voel sleg. Vroeër het ek altyd 246 pond geweeg. Toe het ek baie beter gevoel. My lengte is 5 voet 6 duim. Ek het breë voete. Ek eet nie so baie nie maar darem meer as my pa wat die skaal op 242 trek. My ma wil nie hê ek moet oor haar gewig skryf nie, maar sy klop ons almal. Ek het ook vergeet om te sê dat ek 23 jaar is en nog ongetroud. Ek rook nie en ek stook nie en ek suip nie. Daarom is ek seker nie lief vir nooiens nie. Hulle is te oppervlakkig. Hulle is nie ernstig nie. Hulle giggel te veel. Nou, dokter, is my kwaal dat ek skokkies kry. Dit begin in die voete, dit gaan voort in my bene en dit eindig plus minus by die stuitjie. Dis kleine, sagtere skokkies. Dit maak nie juis seer nie maar dis erg kriewelrig. Ek sluit in een sjieling vir u fonds. Sal u my asb. help?

Antwoord:

*Dit skok my net dat die skokkies so saggies kom. Vryf die voetsole met ongegiste suurlemoensap sodra u aan die slaap geraak het. Dankie vir die bydrae. Ek sal dit nuttig kan gebruik as ek weer partie gaan hou. Voorlopig stuur ek u my boekie: „Wat elke boerseun behoort te doen en te beoefen". Sterkte met die stuitjie.*

# WITS REKTOR en LIBERALISME

Die rektor van die universiteit van die Witwatersrand het verlede Saterdag op die gradeplegtigheid van die universiteit geroem daarop dat die universiteit nie van voornemens is om sy liberale oortuigings te verander nie.

Hierdie verklaring het die idee dat 'n universiteit neutraal kan wees soos deur die jare deur Wits gepropageer die nek ingeslaan. Hulle het nou 'n eie lewens- en wêreldbeskouing.

Hierdie verklaring het een ding ook duidelik beklemtoon, dat daar vir die Afrikaner geen plek onder die studente van Wits is nie. Hierdie verklaring bring hom ook direk onder teenstand met die universiteit wat alleenlik die Calvinisme wil en kan aanvaar.


**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BEPERK**

„Die Potchefstroomse Boekhandel"

**Kerkstraat 91—95** **Telefoon 1164 & 497**

**Borcherdstraat** **Telefoon 3431**

**POTCHEFSTROOM**

*Briewe aan die redaksie*

# ONTEVREDE ONTHUL

Meneer,

Ek maak graag gebruik van u uitnodiging om kommentaar te lewer op die jongste Wapad.

Dat hierdie uitgawe bepaald 'n verbetering op die vorige een is ontken ek geensins nie, tog kan 'n mens talle opmerkings daaroor maak.

Kom ons begin by die voorblad, dan kan ek wel sê dat die tweedejaarspiekniek m.i. baie moeilik kan dien as 'n hoofberig, is daar nie iets meer nuuswaardig wat minder na horing ruik nie? 'n Hoofberig moet immers tog iets aktueels, iets „warm uit die oond wees". Sou 'n berig oor die A.S.B.-vergadering in Johannesburg nie meer paslik gewees het nie? 'n Verskoning van te min tyd vir plasing voor publikasie neem ek nie aan nie. Die betrokke ruimte kon oopgelaat gewees het totdat die verslag beskikbaar was, want seer seker lik mnr. die Redakteur, u moes tog bewus gewees het van die kongres, nie waar nie?

Tegnies sou die blad daar aantrekliker uitgesien het as u van dubbelkolom-opskrifte van twee reëls gebruik gemaak het.

Wat ek werklik jammer vind is dat die redaksionele artikel uitgeskuif is tot die uiterste hoekie van bladsy 2. 'n Koerant bou 'n sekere gevestigde tradisie op en een van daardie tradisies was o.a.: Dat die redaksionele artikel in die middel van die bladsy verskyn.

Die berig „Dawie Doep 10 jaar oud" maak 'n swak indruk met 'n klein opskriffie en 'n vet, dik eerste paragraaf. Ek dink dit is uiters swak joernalistiek om eintlik twee berigte in een saam te vat: die inleidingsparagraaf handel oor Dawie Doep wat 10 jaar oud is en die res van die berig oor besoek van dames aan die koshuis.

Ek gaan oor na bladsy 4 toe waar 'n lang-lang brief verskyn. Ek maak geen beswaar teen die inhoud nie: maar tegnies is dit baie swak en onaantreklik. As „Die Wapad" werklik so 'n lang brief *moet* plaas, is dit dan nie moontlik om maar net so hier en daar subhofies in te sit nie?

Die sportblad — is daar dan so min sport op die Puk? En lewer alle sportmanne en -vroue sogenaamde „pragvertonings"?

Wat die inhoud betref glo ek, was „Die Wapad" beter as die vorige uitgawe maar tegnies . . . laat hy nog veel te wense oor.

Ek het kommentaar gelewer, mnr. die Redakteur, en wel op uitnodiging. Nie net om kritiek te lewer nie — maar om na my beskeie mening, ook iets opbouends te stel in die plek van my kritiek.

Baie dankie.
J. P. Botma.

# Prof. Sorgdrager lewer intreerede

Met die aanhaling: „Elk practisch gebied, dat als men met het theoretiseren begint, vindt theorie doods, zolang deze nog



Prof. Sorgdrager

geen begrijpte theoretische takken draagt", het prof. Sorgdrager sy rede begin en verklaar dat hierdie toestand van sake tans ook vir Suid-Afrika waarneembaar is. Veral in Suid-Afrika val dit steeds weer op hoe die pragmatiese Angel-Saksiese beskouings die botoon voer. Dis in die lig van die geskiedkundige agtergrond nie verbasend nie maar dit bied 'n verstarring en 'n weerstand tot 'n eventuele verdere uitbouing van die teorie en die praktyk van die moderne kosprysadministrasie. Integrasie tussen die teorie en die praktyk is absoluut noodsaaklik vir die volle ontplooiing van die leer van die kosprys.

Prof. Sorgdrager het die hoop uitgespreek dat daar 'n Suid-Afrikaanse raad in die lewe geroep sal word wat die beroep van die kostedeskundige sal beskerm, en dit sal dan die beste waarborg wees vir die uitbouing van hierdie professie in die Republiek. Dit eis tot 'n mate spesialisasie reeds op die Universiteit. „Daar moet na verdieping en gedurige navorsing van die vakgebied gestrewe word", het prof. Sorgdrager gesê.

## Ekonomie toer weer Aprilmaand

Die Ekonomiese vereniging van die Puk gaan gedurende die April-vakansie weer op toer. Die toergroep gaan vanjaar na Port Elizabeth en sal weer soos verlede jaar 'n sosiaal opvoedkundige toer wees. Die reisouers van die veertig studente sal dr. en mev. F. J. du Plessis wees.

# BEDANKING

Geagte Redaksie,

Hoewel dit reeds 'n saak van die verlede is, voel ek dat mens dit tog maar kan meld. Die spreekwoord sê mos: liewer laat as nooit. Aangesien niemand nog die moeite gedoen het om mnr. Frik van Deventer en sy bekwame Gesellígheidskomitee hartlik te bedank vir die besondere ontheffingsdinee wat hulle vanjaar aangebied het nie, sal ek graag van die geleentheid gebruik wil maak.

Vir elkeen wat die saal binnegestap het, was dit duidelik dat daar vanjaar afgewyk is van die stereotipe aanbieding van vorige jare. Dit was werklik 'n verfrissende uitbeelding van die emosies van die eerstejaarstudent, en die hele komitee, sonder uitsondering, verdien die opregbedoelde dank en waardering van elke Puk, oud en jonk, wat die voorreg gehad het om die aand daar teenwoordig te kon wees. Vir elkeen was daar meer as genoeg om aan te wei, en die hele aand was met een woord 'n geil partie.

Tot volgende jaar as ek weer kla,

Oertel.

Over de Voor 105,
18/3/'63.

## NOMINASIES VIR DIRIGENT

Die A.B.K.K. wag nog nominasies in vir dirigente. Hoewel intervarsity eers in Augustus plaasvind sluit die nominasies reeds môre.

## ISLAM GROOT GEVAAR

„Die Islam is 'n geweldige organisasie wat besonder agressief is en dit is hulle doel om die Christene in Afrika aan die slaap te sus en dan sal hulle onvermoeid met hulle werk voortgaan", het dr. W. A. Bijleveld, sendeling in Nigerië onder die Islam Dinsdagaand 12 Maart, verklaar in die Hoofgebousaal voor 'n gehoor van ongeveer 200 mense.

Dit is ontstellend om te noem dat die Islam vir hom ongeveer twee tot drie miljoen lede per jaar werf. Teen ongeveer 1938 was die totale persentasie Islams in Afrika naastenby 33 teenoor die 66 heidene en die 1 Christene. Nou het die situasie heeltemal verander en is daar 20 heidene teenoor die 75 Moslems.

Dit is duidelik dat die Moslems besig is om Afrika klaar te maak vir 'n nuwe „Heilige oorlog" en alles hang net van die Christene af wat die resultaat gaan wees, het dr. Bijleveld gesê.

# BOEKBESPREKING

Maria Slufters: *„Die sondige boer en sy beeste"* (roman). Uitg.: Universitiets. 444 bl. R0.68. In kalfslinne.

Maria Slufters is 'n verstedelikte skryfster met 'n ongekreukelde heimwee na die plaaslewe. Sy is een van die eendstertnooiens wat te min pak en te veel sakgeld gekry het. Die resultaat is 'n boek soos hierdie:: „Die sondige boer en sy beeste". Ons wil op die voorgrond stel dat juf. Slufters blykbaar baie weet van sonde, min van die boere en toetentaal niks van beeste. Haar boek is derhalwe 'n skandaal. Sy behoort haar oë uit haar hoof te skaam en die uitgewers net so.

Toe ons die boek gelees het, het ons hart in opstand gekom. Geen boer, selfs nie eers 'n sondige boer, verdien om so behandel te word nie. Hier word bowendien 'n bitsige aanval gedoen op ons Friesbeeste. Selfs die stier waarmee die sondige boer boer, word op 'n verkeerde plaas geplaas. Hierdie onskuldige dier word in 'n vals daglig gesit. Geen wonder dat die resultaat tot uitdrukking kom in 'n diep gevoelde gevoel van frustrasie nie (by die stier).

Ons moet die verdwaasde skryfster beskuldig, met nadruk, van huigelary, skandaalsoekery en onregverdigheid. Sy is huigelagtig teenoor die stier, sy soek skandaal by die sondige boer en sy vrou (stom Annetjie), en sy is onregverdig teenoor die minister van landbou. Dit is beslis nie waar dat hy 'n gewoonte daarvan maak om toesprake te hou wat drie uur duur nie.

Watter reg, vra ons skerp, het die skryfster om 'n aanval te doen op die bestaande verhouding tussen beeste en stiere? Volgens ons was die verhouding nooit beter as op die oomblik nie. Watter onsin is dit om te beweer dat geen stier in S.A. die waardering kry waarop hy kragtens sy posisie reg het nie? Ons weet wat gaan gebeur as hierdie boek in Amerika gelees word. U weet dit ook. Alleen juf. Slufters weet dit nie.

B. C. D. van L. de W. K.

# *Moderne opvoedingsmetodes*

As sielkundige geval op sigself, tref dit my tot in die pit hoe fataal verkeerd sogenaamde ouers hul kinders opvoed. Dit sal u skok as ek u vertel dat daar nog ouers is wat hul kinders slaan. Hierdie handelinge word uitgevoer deur slaande bewegings in die rigting van die rug se onderent (die sg. boude). Watter geestelike skade daar op kinderboude aangerig word, sal slegs die toekoms leer. Ek hoop u sidder saam met my. Dis hoog tyd.

Freud het ons geleer dat die kindersiel 'n ding is waarvan die grootste deel — soos 'n ysberg — onder water sit. Die onderwaterse deel is belangrik; slegs spesialiste kan die diepte daarvan peil. Veral by baba's is hierdie deel goed ontwikkel.

Die Middeleeuse praktyk van kinders pakgee, is niks anders nie as 'n strewe na perverse magsbevrediging. Mense wat werklik mag besit, slaan nie hul kinders nie. Daarom is kinders van ministers en sersantmajoors die gelukkigste; ongeskonde boude beteken ongeskonde siele. Kinders wat in die ellendige staat van gehoorsaamheid gedwing word, is soos stoomketels sonder veiligheidsklep. Wat gebeur met daardie ketels? Hulle gaan bars. Daar het jy dit.

'n Kind met 'n ongekweste sitvlak is 'n kind met 'n ongerimpelde siel. Onthou dit, vriende!

## Aptekers reeds vroeg hard aan die werk

Op die ledevergadering van dié vereniging wat gehou is op die sewende Maart is mnr. M. Coetzee gekies as voorsitter in die plek van mej. L. van der Vyver. Die vereniging beplan vir die komende jaar nog vyf ledevergaderings. 'n Braaivleis sal ook gehou word en verder word daar vroeg in Mei 'n toer na Johannesburg gereël. Verder is daar ook massaflieks en die jaarlikse „toets" teen die aptekerstudente van Johannesburg.

Op die sestiende Maart het die vereniging opgetree as die gashere van die Wes-Transvaalse tak van die aptekersvereniging van Suid-Afrika. Onder andere het die gaste die nuwe Farmasielaboratorium gaan besigtig.

## Wen 'n gratis rit na S.W.A.

Hier is 'n geleentheid vir een van die Pukke om 'n gratistoer van 1000 myl in Suidwes te wen. Al wat u moet doen is om 'n opstel te skryf waarom u graag Suidwes wil besoek. Verdere besonderhede kan by die redakteur van „Die Wapad" verkry word. Inskrywings sluit op 30 April.

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."*

*Besoek:*

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

*Allerlei*

★ WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
★ DRUIWESAP, CYDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP EN in bottels en blikkies

*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*

**Kerkstraat 122**
**Posbus 171 — Tel. Nrs.: 12 en 2582**

# SLEEPTYE ONDER DIE SOEKLIG

## *Hier is 'n interesante vergelyking van sleeptye*

TUKKIES

Eerstejaars:

Maandag—Vrydag tot 8 nm.
Saterdag tot 11.30 nm.
Sondag tot 10 nm.

Tweedejaars:

Maandag—Donderdag tot 8 nm.
Vrydag—Saterdag tot 11.30 nm.
Sondag tot 10.30 nm.

Senior dames:

Dinsdag, Woensdag, Vrydag en Saterdag tot 11.30 nm.
Sondag tot 10.30 nm.

Maandag- en Donderdagaande is vir alle damestudente „toe" aande, aangesien huisvergaderings ens. op daardie aande gehou word.

RHODES

Eerstejaars:

Elke aand vanaf 9.45 tot 10.30 nm.
Twee aande tot 11 nm.

Senior dames:

Sondag—Vrydag tot 12 nm.
Saterdag tot 1 vm.

IKEYS

Alle dames: elke aand tot 12 nm.

Spesiale verlof word toegestaan na gelang van die geleentheid.

Op laasgenoemde twee universiteite het nagraadse studente en verloofdes voordeursleutels en kan hulle kom en gaan na goeddunke.

# ROERINGE ELDERS

ALWEER WITS

Volgens die „Student Mirror" is die groot Engelse Universiteite in die Republiek geaffekteer deur die vertrek van 'n groot aantal gekwalifiseerde mans en vroue. Sommige van die land se knapste manne en vroue sou na bewering nou in Brittanje, Australië, Kanada, die V.S.A., Wes-Europa en selfs in die onafhanklike swart state van Afrika wees. Die meeste van hierdie persone het die land verlaat bloot as gevolg van politieke redes: hulle was nie langer bereid om onder die huidige regering te leef nie; andere weer het begin vrees vir die toekoms van die land of hulle is beter betrekkinge aangebied. Beter navorsingsfasiliteite het ook in sommige gevalle die deurslag gegee. Gedurende die afgelope akademiese jaar het Witwatersrand 16 van hulle personeellede verloor; die poste van nege hoogleraars was vakant. Natal het ongeveer tien persent van sy argitekte in die afgelope twee jaar verloor terwyl die aantal argitekte van die „Cape Town University School of Architecture" wat vertrek het, waarskynlik nog baie meer is. Daar is geskat dat Suid-Afrika in 1965 'n tekort gaan ondervind aan 2,000 mediese dokters, 200 argitekte en 1,600 ingenieurs.

(„Student Mirror")

V.S.A.

'n Groep van 68 Amerikaanse studente tussen die ouderdomme van 18 en 20 jaar, het hulle somervakansie opgeoffer deur maatskaplike werk te doen in Britse agterbuurtes. Die „Winant Volunteers", vernoem na wyle John G. Winant, V.S.A.-ambassadeur in Groot Brittanje tydens die Tweede Wêreldoorlog, het in jeugklubs, nedersettings en gemeenskappe van vier Engelse stede gewerk. Dit was die twaalfde somer wat die groep na Brittanje gereis het. Engelse maatskaplike werkers vind dat die afwesigheid van professionele opleiding by die vrywilligers hulle juis help om makliker met die kinders om te gaan. Omdat hulle informeel kan optree, word hulle as gaste ontvang en nie as leiers ontvang nie. Die „Clayton Volunteers", afkomstig uit Brittanje, het op hulle beurt weer reeds drie somers soortgelyke werk gedoen in New York en in die agterbuurtes van Jersey City en Washington.

(Chicago Maroon).

KONGO

Met die oog daarop om behulpsaam te wees met die opvoeding van die minder-ontwikkelde mense van die Kongo, het die studente aan die Lovanium Universiteit van Leopoldville, 'n universiteitsdiens gestig vir populêre opvoeding. Deur middel van aandklasse en lesings, die radio, nuusblaaie en korrespondensie, kursusse, kan alle Kongolese wat daarin geïnteresseerd is gratis onderrig ontvang; nl. in Frans, Matesis, Geskiedenis, Aardrykskunde en Wetenskap. Hierdie dienste word ook in vakansietye gereël. Om 'n hoë standaard van onderrig te verseker word die lesings deeglik voorberei met behulp van gekwalifiseerde onderwysers en instrukteurs. Die studente aan die Lovanium Universiteit wat vrywillig as onderwysers optree, ontvang geen betaling vir die dienste wat hulle verrig nie.

OOS-DUITSLAND

Voortsetting van studies by die Oos-Duitse Universiteite is verlede jaar onderbreek. Vanaf die eerste September tot die eerste Oktober (en selfs in sommige gevalle tot die vyftiende Oktober). Die rede hiervoor was om die studente in staat te stel om met die insameling van die oeste behulpsaam te wees. In 'n dokument wat deur die Ministerie van Landbou uitgereik is, is die volgende verklaar: „Ons regering het besluit om studente vir 'n periode van drie weke te laat werk in die insameling van die aartappeloes. Die regering verwag dat elke student bewus sal wees van die verantwoordelikheid van sy werk en die koöperatiewe boere, trekkerbestuurders sal help met al sy kragte en op 'n voorbeeldige manier".

Ten einde seker te maak dat geen studente die reëling vryspring nie, is dit ook eers aangekondig toe alle studente terug was by hulle onderskeie universiteite vir die voortsetting van hulle studies. Saam met hierdie reëling is daar ook 'n tabel van werkstandaarde gepubliseer wat die helpers op die oesland eers moet raadpleeg. Die werk het plaasgevind volgens dubbelskofsisteem (10 uur per skof) strekkende oor elke dag van die week, Sondae ingesluit. Hierdie reëlings was vir die studente so 'n groot verrassing dat die meeste van hulle nie die geskikte werksdrag by hulle gehad het nie. Dit moes eers daarna aangestuur word na die plase waar hulle werk.

(Deutscher Student-Pressedienst, Bonn).

# ATLETIEK-KAMPIOENSKAPP



Pietman Botha op pad na die wenpaal.
*Foto: Fotokuns.*

Drie staatmakers van die P. U. het Saterdag 16 Maart, deelgeneem aan die Wes-Transvaalse Atletiekkampioenskappe. Hulle is Hentie Joubert, Pietman Botha en Willie Coetzee.

Hentie Joubert het pragtig gehardloop en 'n eerste plek behaal in die 440-tree finaal met 'n tyd van 47.7 sekondes. Pietman Botha skryf in vir die 220-tree hekkies en hardloop dit in 24.5 sekondes maar onttrek hom aan die finaal. Hy behaal 'n derde plek in die 440-tree hekkies finaal met 'n tyd van 53.5 sek. In die 220-tree hekkies het Willie Coetzee naby gekom aan die Suid-Afrikaanse rekord met 'n tyd van 25.3 sek. Hy kry ook 'n eerste plek in die 120-tree met 'n tyd van 14.6 sek.

Rina Alberts en Elrien van Deemter het ook deelgeneem en plekke gekry. Rina Alberts het 'n derde plek gekry in die 100-tree dogters onder 18 finaal en 'n tweede plek in die dogters 150-tree finaal. Elrien van Deempter het 'n tweede plek gekry in die dames 80 meter hekkies finaal.



Willie Coetzee
*Foto: Fotokuns.*

Dit wil voorkom asof daar te min Puk atletiekentoesiaste is en dat die paar ou atlete al die werk moet doen. Daarby heers daar ook nie 'n gesonde gees op die pawiljoen nie omdat die Pukke in te klein getalle opkom na die P.U. atletiekbyeenkomste toe.

Daar is 'n begeerte van die kant van die sportbesture om die studenteraad te nader dat die bywoning en deelneming aan sport meer sal tel vir die toekenning van kleurpunt.

## *Puk se studentetal oorskry 2,000*

Die studentetal van die Puk het verlede week nuwe rekordhoogtes bereik toe dit op oor die 2,000 te staan gekom het. Die feit dat daar vanjaar meer eerstejaars as ooit in die geskiedenis was en ook die buitengewoon groot aantal nagraadse studente het hierdie rekordgetal moontlik gemaak.

# SKAAK AAN DIE BRAND

In vergelyking met die vorige jare is daar vanjaar sommer baie lewe in die skaakgeledere. Die opkoms na die vergaderings is goed, selfs van die dames. Is dit miskien daarom dat daar meer mans opdaag Dinsdagaande of is dit net suiwer vir die lekker skaakspel van die aand?

Na die koshuistoernooi is almal opgesweep en vuur en vlam vir die kompetisies wat nog in die vooruitsig is. Dinsdagaand 26 Maart het 'n lekker kompetisie teen die sterk span van Boys High plaasgevind. Die Pukke het hulle naam hoog gehou en met 10 spelle teen 7 gewen. Sover het ons nog gereeld elke jaar teen Boys High gespeel en geseëvier en met die vooruitgang wat daar nou is, is daar hoop dat dit altyd die geval sal wees.

In die gees van Vreugdedag gaan ons Dinsdag 2 April 'n lekker kompetisie teen Pote hou. Pote se span is sterk en daar wag 'n aangename aand op spelers en ook belangstellendes. Dit sal hard dink kos om bo uit te kom maar onder leiding van mnr. André Coetzee sal die Pukspan sy beste lewer. Ons wens die span alles van die beste toe, nie net met die wedstryd teen Pote nie, maar ook met alle verdere wedstryde.

# A.S.B. oorsese toer

Die A.S.B. bied weer eens die geleentheid aan studente om 'n heerlike en leersame vakansie oorsee te geniet. Hierdie nuus word verkry van die A.S.B.-vergadering wat Saterdag in die Goudstad, Johannesburg, gehou is. Al die reëlings vir hierdie toer is reeds gefinaliseer.

Die toer sal strek vanaf 13 Desember 1963 tot 6 Februarie 1964 en word gereël in samewerking met International Travels en Union Castle. Die toer word gereël na Engeland en Europa en nadat 'n heffing op die toergeld gemaak is, beloop die onkoste R660 per persoon. Dus R45 goedkoper as die jongste A.S.B.-toer.

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

**Transvalia Meubels**

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"

„VLEIS PASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . . "

Turkstra

*TE KRY BY U KAFETERIA*

# Eerstespan klop oud-studente in prag wedstryd

**In 'n sprankelende wedstryd het die eerste span van die Puk die span van die Puk-Oudstudente geklop met 23—20. Hierdie wedstryd was met tye geweldig opwindend soos die telling ook aandui en was die uitslag van die wedstryd die hele tyd in die gedrang.**

As die spelers waaroor die oud-studente beskik het nagegaan word (daar was nie minder as 12 huidige of voormalige prov. spelers nie) dan word die vertoning soveel te meer merkwaardig. Onder die Pukke het die hele span pragtig gespeel maar daar was 'n paar wat meer pertinent die aandag gevang het. So was daar die losskakel, Redelinghuys, Piet van der Schyff, Kobie van der Walt en onder die Voorspelers, Piet Bingle, Koos Hattingh en Koos du Plessis.



Jan van der Schyff

Aan die oud-studente se kant het Jan van der Schyff telkens baie sterk gehardloop. Verder het ook Toy Dannhauser, Kierietjies Roelofse en Kerrie Kruger goed vertoon.

Die punte is as volg aangeteken. Vir die Pukke het Redelinghuys, Du Plessis, Van der Schyff, Aucamp en Serfontein drieë gedruk. Hierby het Spekkies de Villiers 'n strafdoel behaal terwyl Piet van der Schyff 'n skepskop oorgeklits het. Vir die oumanne het Kruger, Van der Westhuizen, Dannhauser, Prinsloo, Fourie de Wet en Koos du Plooy die punte behaal.

Onder die voorwedstryde was dit veral die ondernegentiens van die Puk wat die oog gevang het. Hulle het die span van Weermag dan ook met die groot telling van 33—0 oorrompel.



Koos du Plooy
*Foto: Fotokuns.*

Aan die einde van die dag is die beker vir die span wat die mooiste spel gespeel het, die Piet Malan-beker, aan die span van die oud-studente oorhandig.

# Tafeltennisspelers presteer

**Die tafeltennisklub gaan vanjaar weer eens diep spore trap. Deur oefening en gesonde gees hoop die klub om weer sy stem dik te maak in die Potch./Klerksdorp-afdeling.**

'n Sosiale aand is gehou Donderdag 7 Maart. Die opkoms was goed, en die aand het in 'n baie gesellige luim verloop.

Die eerste spane klap Donderdag 20 Maart wanneer die eerste ligawedstryde sal plaasvind. Die klub sal van dan af 'n druk tyd beleef daar die wedstryde mekaar snel opvolg.

Wat veral verblydend is, is die groot aantal nuwe gesigte wat by die oefeninge opgemerk word. Veral die getalle van die dames is opvallend. Gesien in die lig van die goeie gees wat in die klub heers, gaan daar nog heelwat van die klub gehoor word.

Die eerste vriendskaplike wedstryde is reeds teen die Pote gespeel. Die uitslag was as volg:
Mans: P.U. C 44; P.O.K. A 6.
P.U. D 7; P.O.K. B 3.
Dames: P.U. B 3; P.O.K. A 7.

Vier van die klub se spelers het Saterdag 16 Maart aan die Potch./Klerksdorp Kampioenskappe deelgeneem. Die kompetisie was sterk, en die spelers het hulle goed van hulle taak gekwyt. Die mansafdeling was in die algemeen deur die P.U.-spelers oorheers. Hoewel hy nie die eindrondtes kon haal nie het Albie Venter hom deeglik laat geld, en vir 'n paar verrassings gesorg. Piet Marais was ongelukkig om in die eerste ronde teen die wenner te staan te kom. Kobie Viljoen en Schalk Erasmus het getoon dat daar nog baie van hulle gehoor gaan word. Dit was veral Schalk wat uitgeblink het. Die 4 spelers het as volg gevaar:



Albie Venter
*Foto: Fotokuns.*

Mans enkel:
P. Marais 1e ronde.
A. Venter ¼ eind.
K. Viljoen ½ eind.
S. Erasmus eind.

Mans dubbel:
A. Venter en P. Marais ¼ eind.
K. Viljoen en S. Erasmus buit titel.

Gemeng dubbel:
K. Viljoen en M. Naude ¼ eind.
A. Venter en L. Pretorius ½ eind.
S. Erasmus en A. Lindeque buit titel.

# Judoklub sterker as ooit

**Nieteenstaande die feit dat die Judoklub as een van die klubs wat 'n sukkel bestaan voer gereken word volgens 'n onlangse brief in „Die Wapad", blyk dit dat slegs die teenoorgestelde waar is, volgens mnr. Andre Greeff, kaptein van die klub.**

Die klub het tans 'n ledetal van bykans 30 mans en 15 dames. Die oefeninge word beter as ooit bygewoon en reeds op hierdie tydstip is dit duidelik dat die nuwe manne buitengewone talent openbaar. Dit is werklik 'n lus om 'n sportsoort te beoefen met mense wat soveel geesdrif openbaar. Op Saterdag 23 Maart het 15 manne aan 'n gradering hier plaaslik deelgeneem waarby elkeen van die deelnemers hoër kon gradeer, en wel as volg:

| | |
|---|---|
| Maarten Roode | Oranje |
| Steve van der Walt | Geel |
| Thomas Nelson | Wit |
| Chris Jordaan | Wit |
| Ponna Kruger | Oranje |
| Dries Schutte | Wit |
| Bertie Pretorius | Wit |
| Louis Coetsee | Groen |
| Vic Ribeiro | Groen |
| Andreas de Jager | Oranje |
| Rudi Loretz | Wit |
| Ernie Carden | Geel |
| Victor Hamilton-Attwell | Geel |
| André Greeff | Bruin |
| Willie van Aarde | Bruin |

Tydens die hele gradering was dit ooglopend dat die Pukke die byeenkoms oorheers. Ons manne het dan ook gesorg vir die mooiste gevegte van die middag. Die hoogste gordel wat by die gradering toegeken kon word was bruin en van die drie toekennings wat gemaak is kon twee na Pukmanne gaan. Enkele lede van die Wes-Transvaalsespan was teenwoordig en hoewel twee van hulle aan die gradering deelgeneem het moes albei voor Pukke swig. Maarten Roode kon hier vir H. Jacobs klop terwyl André Greeff redelik maklik met Harmse kon afreken. Eersdaags sal die judoliga in werking tree en dit sal die manne in 'n puik toestand bring vir die S.A.U.-kampioenskappe wat in Julie deur die Puk aangebied word.

# Puk loop loesing op die lyf

Die krieketspan van Milner Oud-studente het verlede week 'n algehele oorwinning oor die span van die Puk behaal. Hoewel Reinie Monster hardnekkig weerstand gebied het, is die hele Pukspan uitgeknikker met die laaste bal van die beurt.

Saterdag het die wedstryd teen Weermag 'n aanvang geneem. Weermag was in hulle eerste beurt uit vir 118 lopies. Hierop het die Puk geantwoord met 74 lopies.

Weermag het op die oomblik in sy tweede beurt 19 lopies vir die verlies van vier paaltjies. Manne wat veral met die kolf beïndruk het was Willie Froneman en Mauritz van Rooyen. Onder die boulers het Froneman, Vorster en Scholtemeijer die beste gevaar.

# SWEMSPAN LEWER MOOI VERTONINGS

Die swemmers en die swemsters van die Puk het die afgelope tyd gesorg vir 'n aantal mooi vertonings.

Tydens die deelname aan die Wes-Transvaalliga op die sestiende van hierdie maand het Johan Venter en Linda Strydom puik vertoon. Linda het veral in die borsslag goed gevaar en die nommer gebuit.

Verlede Woensdag het die klub sy kampioenskappe gehou. Ongelukkig het Weermag op nr. elf sy span onttrek en het alleen die Pukke en die Pote oorgebly. Hier was die volgende uitblinkers: Johan Venter, E. Malherbe en Q. Hakkesteeg. Op dieselfde byeenkoms het Vinie Steenkamp die vryslagrekord in 20 sek. gebreek en Linda Strydom die rekord vir die flinderslag.

Hoewel die Pote in die Pootjie geroem het dat die Puk swaar gaan kry, het die Puk nogtans redelik maklik gewen.




Dit is die snit wat tel . . .
★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies

J. TOD SUTTIE
Die Mansuitrusters
Posbus 219 — Foon 1



Dis nou vir jou lewe, hoor! . . . en
DIS VIR JOU BIER!

*Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!*

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertand-lekker hap neem – is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle – die keurbier vir louter plesier – in kannetjies of bottels.






SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER

Grant 345/5877-2A


Die wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk, Olënlaan 11, Potchefstroom vir die eienaars en uitgewers, die S.R. van die P.U. vir C.H.O.